

BYBEL-MEDIA

Jou 2018-Bediensvennoot

Nuusbrief 3 / 2018

Lees in die jongste Kerkbode ...

Kerkbode van 16 Februarie 2018 het twee sterk verhale waarin versoening 'n sentrale tema is. Die een kom uit Coligny in Goudland-sinode, en die ander uit Graaff-Reinet in die Oos-Kaapse sinode.

Lees ook hoe dominee Nico Swart wonderlike kollegas tydens sy pelgrimstog gedurende sy Sabbatsverlof ontdek het.

Daar is verhale oor 'n groentetuin op 'n sypaadjie, 'n beloofde land in Ga-Rankuwa en 'n leesprojek vir kinders.

Lees verder oor die kerk se reaksie op die droogte, oor die jongste verwickelinge in die hofsak oor die kerk se besluite oor selfdegeslagverhoudinge, oor die Teologiese Dag op Stellenbosch, oor die NG Kerk se verhoudinge met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika – en nog heelwat meer.

Lees in die Maart-uitgawe van LiG ...

In die Maart-LiG vloeï ons harte oor van hoop! Ons ry saam op 'n boeke-bus wat hoop vir kinders bring. En vertel van 'n ouma wat deur haar seun se dood en haar eie kanker steeds sê: "God is goed!"

Hanna Grobler en Liza Brönnertel dat hul vriendskap 'n seën van God is. Predikant, Jaco Strydom, inspireer ons om te lééf soos ons glo.

Vir ouers is daar uitstekende raad oor hoe om vir jou kind 'n emosionele woordeskakel aan te leer; oor die verhouding tussen jou en jou kind se onderwyser; en hoe om jou tiener met jou te laat praat.

Ons ondersoek hoe om depressie by bejaardes te hanteer. En kyk wat God se idee met die huwelik is.

Lees ook van hoopgewers deur die geskiedenis, en van Jesus – ons "Lewende hoop".

Jongste Bybelkor-publikasie

Volhoubare Missionale Kerkwees Gespreksbord

BYBEL-MEDIA

Jou 2018-Bediensvennoot

Hierdie gespreksbord is die ideale hulpmiddel vir die leierskap in gemeentes wat nuut oor volhoubare missionale kerkwees wil dink.

Eerstens help dit deelnemers om bewus te raak van die huidige funksionering van hulle gemeente en die bedieningskeuses wat daaragter lê.

Tweedens sluit dit vir hulle moontlikhede oop wat binne ons huidige kerkreg aanvaarbaar is. Dit maak gelowiges se verbeelding los oor hoe hulle hulle as 'n plaaslike gemeente nuut kan posisioneer om aan God se groot beweging in die wêreld deel te neem.

Let daarop:

- Hierdie produk vorm deel van 'n gefasiliteerde proses. Dit is ontwikkel saam met Communitas se fasiliteerders.
- Ons beveel aan dat gemeentes wat die gespreksbord wil aankoop eers met Communitas skakel om seker te maak dié hulpmiddel sal vir hulle bruikbaar wees.

Prys: **R250,00** (BTW en posgeld in SA ingesluit).

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za , klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Groete vanuit Wellington.

Hans Steyn

Bybel-Media

E-pos: hans@bmedia.co.za

Tel: 021 864 8223